

DIE UITWERKING VAN DIATOMIET OP MY LABRADORS

Ek teel al met Labradors vir 17 jaar . Ek was eers op Odendaalsrus, toe Brits en nou vir twee jaar in Kuruman, my man is 'n predikant, so gaan ek en die Labradors saam waar hy gaan. Ek het altyd die chemise stowwe gebruik, want dit was wat beskikbaar was, tot een jaar terug, toe ek bewus geword het van die organiese stof, diatomiet , wat ek in die Noord Kaap buite Kathu gekry het.

GEBRUIK.

1. Ek gebruik dit op my honde as poeier wat ek op hulle sprei, vir die bosluise.
2. Die kos word daarmee droog besprinkel, sodat inwendige parrasiete kan verdwyn.
3. Die slaapplekke van die honde word weekliks daarmee bestrooi sodat geen bosluise of parrasiete daar leplek maak nie.
4. My puppies word dieselfde behandel,

VOORDELE

1. Koste gewys is ek so dankbaar. Ek het vir die chemise produkte se gebruik, R3000 per maand 'n rekening gehad by die vearts . (dr Pretorius van Brits) maar vandat ek die Diatomiet van die Noord Kaap gebruik het ek geen vearts rekening nie. (kontroleer met dr vd Westhuizen van Kuruman)

2, Dit is 100% organies veilig. Dit beteken dat my puppies saam met hulle ma,s dit kan oplek, daarin le, op hulle velle kry. Dit is ongelooflik veilig en my honde is gesond., so ook die puppies.

2. Dit is maklik hanteerbaar. Ek strooi dit in droe vorm en dis nie giftig vir die kleintjies (soos die geval met chemiese produkte nie) ook die sogende mammas is skoon, parasiete vry en gesond vir hulle babas.
3. Die produk van Labrador puppies wat ek lewer is natuurlik baie bekend al. Die nuwe eienaars se terugvoering is dat my Labradors nie siek word nie, selfs al is hulle al groot, is hulle sisteme baie sterk. Van my puppies het oor see gevlieg het, Bahrein toe, Kenia, Mosambiek, Ghana, toe ens. Die terugvoering is dat my honde sterk en gesond is.
4. Die werksprosedures is baie vereenvoudig met die Diatomiet. Die program was dat my honde se slaapplekke een keer per maand uitgespuit word met 'n chemiese stof. Twee keer per maand gebad word met 'n chemiese stof vir die bosluise en vlooië. Die kampe al met die draad langs is een keer elke drie maande bespuit met die chemiese stof vir parasiete en bosluise. Die kleintjies is met 'n chemiese stof eers van 6 weke af behandel vir vlooië, (mag nie as hulle kleiner is nie, te giftig) die ma-hond se gestel was baie keer af omdat sy alreeds bosluis of bosluis byt koors gehad het in haar lewe, dit het die kleintjies ook beïnvloed, Hulle was van 'n swakker gehalte wat makliker siek geword het na geboorte, met die chemiese stowwe. In teenstelling daarmee werk die konsentraat vd Noord Kaap op klein puppies en op die groot honde sonder enige nadelige gevolge. Die velle van die Labradors is baie sensitief sodat dit met die chemiese stowwe maklik 'n irritasie ontwikkel het wat tot ekseem gelei het en uiteindelik baie koste by die vearts omdat weer mooi en blink te kry.

Die beginsel is eenvoudig.: Hou jou honde skoon van parasiete en bosluise dan is hulle gesond.

Dit is so 'n plesier om 'n Labrador telery te he met sulke gesonde toestande op die terrein en die honde van dat ek die Diatomiet gebruik..

Ek sal dit aanbeveel vir enige iemand. In teendeel, ek gee van dit uit aan ander honde telers oral waar ek gaan, want dit beteken 'n baie gesonde wereld waarin ons beweeg.

Zoetje Aucamp
Kuruman
Selfoon 084 800 7779
jcaucamp@telkomsa.net